

23 Mei - HOËPRIESTER

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:11-25

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:11-12

Aäron was die eerste hoëpriester – gekies deur God en in sy amp aangestel. Opvolging hierna het geskied in die Aäronitiese geslagslyn en telkens deur die oudste seun. Afgesien van die gewone priesterklere (Eks 28, 39) is daar vier tipiese kledingstukke van die hoëpriester (Lev 8:7-9): 'n skouerkleed 'n blou, geweefde mantel met granaatjies en klokkies, 'n borssak met 12 edelstene met die Urim en Tummim; en die tulband met 'n goue plaat. Die hoëpriesterlike drag is telkens aan die opvolger oorgedra.

Slegs die hoëpriester betree een keer per jaar op die Groot Versoendag die Allerheiligste, omdat Christus nog nie geopenbaar is nie (Heb 9-10). Hier doen hy, in sy linneklere, boete vir die volk se sonde, sprinkel die sondeoffer se bloed op die altaar en offer wierook (Lev 16).

Die skrywer van Hebreërs vergelyk Jesus met die hoëpriester en verduidelik dat Jesus nader aan Melgisedek se hoëpriesterskap is (Ps 110:4): Hy is sowel priester as offer en Hy doen diens in 'n heiligdom wat nie met hande gebou is nie (Heb 7).

Die term *hoëpriester* kom slegs in enkele geskrifte van die koningstyd voor, hoewel sommige meen dat die term die priester ook met 'n leiersfiguur in die priesterskap kan saamhang. In die Nuwe-Testamentiese tyd was die amp van hoëpriester goed bekend. Die Griekse term *achiereus* word gebruik om na die hoëpriester te verwys.

Verskillende hoëpriesters het in die tyd van Jesus 'n prominente rol gespeel. Die hoëpriester was normaalweg die president van die Sanhedrin – 'n priesterlike liggaam wat in Jesus se tyd invloedryk was. Hoëpriesters soos Annas en Kajafas het 'n groot rol in die vervolging van Jesus gespeel.

Die boek Hebreërs vul die begrip *hoëpriester* baie positief in (kyk veral Heb 5-10). Jesus Christus word aangedui as die volmaakte hoëpriester. Hy is deur God aangestel. Sy priesterskap oortref dié van Aäron en alle ander priesters.

Sing: Psalm 134:1, 2, 3 (1936-beryming)

Dr PW Bingle (Emeritus)